

Vroeë Assessering: Protokol

Hierdie dokument is gerig op alle Universiteit Stellenbosch-akademici betrokke by die onderrig en assessering van eerstejaarstudente. Dit het ten doel om die **vroeë assesseringstelsel (VA)** te verduidelik, en om sommige vrae oor hierdie inisiatief te beantwoord.

VA word in die Eerstejaarsakademieverslag omskryf as toetse of **enige ander metode** van assessering wat 'n goeie aanduiding kan gee van die studente wat hoë risikogevalle mag wees in spesifieke modules, ten einde te verseker dat die nodige hulp en ondersteuning betyds beskikbaar gemaak word. Hierdie beskrywing verduidelik dus ook die doel van die vroeë assesseringsproses.

1. Hoekom assessee?

Voor ons **vroeë assessering** bespreek, moet ons eers kyk na die moontlike redes vir die assessering van studenteleer.

Universiteit Stellenbosch se Assesseringsbeleid noem vier assesseringsdoelwitte, naamlik:

- Diagnostiese assessering, dws assessering om die gepaste ondersteunings- of remediëringsaksies te bepaal
- Formatiewe assessering, dws assessering **vir** leer
- Summatiewe assessering, dws assessering **van** leer
- Om terugvoer te verskaf, dws assessering vir die verbetering van kwaliteit.

Hierdie doelwitte oorvleuel dikwels binne een assesseringstaak wat meer as een oogmerk aanspreek. Gevolglik is assessering vir die doel van punte-toekenning slegs een van die fokuspeunte van assesseringspraktyk en die leiding en aanmoediging van gesonde benaderings tot effektiewe leer ewe belangrik.

2. Hoekom Vroeë Assessering?

Navorsing wys dat 'n groot deel van die studente wat onsuksesvol in hul eerstejaar was, reeds tydens die eerste paar weke aan universiteit begin sukkel het. Met die vroeë identifikasie van studente wat waarskynlik addisionele steun nodig mag kry, kan ondersteuning betyds verskaf word en sodoende word hul kanse op lantermynsukses verbeter.

Vroeë assessering gee ook 'n boodskap aan die student, dit sê as't ware "as jy op dieselfde trant aanhou, sal jou uitslae waarskynlik aan die einde van die semester dieselfde lyk". Met ander woorde dit is 'n tipe terugvoer oor prestasie/vordering, 'n aanduiding van hoe effektief hul benadering is terwyl hul steeds in 'n posisie is om die nodige veranderinge aan te bring, of addisionele hulp te bekom.

Dit moet dus gesien word as "low-stakes" assessering – assessering wat ontwerp is om studenteleer te bevorder, en dus 'n klein (of geen) bydrae to die klas- en prestasiepunten maak. Studente moet besef dat hulle die geleentheid gegee word om hul benadering tot en toewyding aan hul leerproses te heroorweeg.

Hierteenoor word "high-stakes" assessering beskryf as toetsing wat veral gebruik word as 'n maatstaf om graadretensie, bevordering en sertifisering te bepaal.

Ideaal gesproke behoort VA-resultate dus terugvoer aan die dosent en student te voorsien, sowel as aan die module koördineerder, departementshoof en fakulteitsbestuur.¹ Hierdie terugvoer sluit die volgende aspekte in:

Vir die student:

- Hoe ek vaar (itv volume, oorskakeling van skool na universiteit, akademiese eise, ens.)
- Die aard van universiteitsassessering
- Die vereiste standaard

Vir die dosent:

- Hoe die studente vaar
- Wat hulle moeilik vind
- Wat hulle reeds weet

Vir die module koördineerder/departement/fakulteitsbestuur:

- Modules wat studente moeilik vind
- Die eerstejaarsinname se potensiaal
- Refleksie en kurrikulum-vernuwing

Vir die bogenoemde om plaas te vind, is daar egter sekere voorwaardes waaraan voldoen moet word: (1) die assessering moet vroeg genoeg plaasvind en (2) dit moet *betroubare* resultate lewer.

3. Hoe om VA te laat werk?

Die ideaal is om VA in die bestaande strukture in 'n module te integreer, bv dmv bestaande tutoriale, praktiese werk, werkopdragte of take of selfs webgebaseerde take. Die gebruik van kleiner, gevarieerde assesseringstake kan byvoorbeeld oorweeg word (indien moontlik). 'n Vroeë assesseringsgeleentheid hoef nie 'n volle toets of opstel te wees nie, maar kan fokus op 'n enkele, belangrike aspek en kan 'n klein toets wees wat in klastyd afgeneem word (indien prakties moontlik), soos 'n aangepaste klas-assesseringstegniek (sg "Classroom assessment technique" of CAT) wat bepunt word.

Sommige dosente is besorg dat die assessering te vroeg in die akademiese jaar plaasvind en dat hulle nie teen daardie tyd al genoeg inhoud behandel het om 'n betekenisvolle assessering te doen nie. Heelwat modules aanvaar dat 'n sekere mate van agtergrondkennis in plek moet wees om sukses te verseker, byvoorbeeld lees-, skryf- en syfervaardighede, of selfs vertrouwdheid met dele van die inhoud. In hierdie gevalle kan 'n agtergrondkennis-peiling (wat nie deel vorm van die klaspunt nie) bruikbare resultate lewer, veral wanneer besluit moet word watter tipe ondersteuning aangebied moet word.

Dit kan ook nuttig wees om die assessering van sommige van die generiese vaardighede (SAQA se kritiese uitkomst wat in alle programme wat aan die Universiteit aangebied word) in die VA in te sluit.

Die doel van elke vroeë assesseringstaak, sowel as die bydrae (of nie) daarvan tot die klaspunt en finale punt, moet egter te alle tye aan die studente gekommunikeer word.

¹ In 2007 het die persone wat vir die student se rekening verantwoordelik is ook 'n brief met die student se VA-punte ontvang. Sien Bylae A vir 'n voorbeeld van die brief met die VA-punte wat aan die ouer/student gestuur is.

4. Geskikte assesseringsmetodes

Die VA in 'n module behoort gerig te word deur die bepaalde uitkomst van die module. Studente behoort te kan sien dat die doel van die assessering is om hulle van 'n vroeë maatstaf van hul pogings om die verwagte uitkomst van die module te bereik, te voorsien.

Ideaal-gesproke behoort die VA sover moontlik belyn te wees met die formele semestertoets en eksamens. Met ander woorde, die VA behoort 'n assesseringsbenadering te reflekteer wat later in die module in die "high-stakes" assessering gebruik gaan word. Daarom is dit belangrik om te onthou dat indien, byvoorbeeld, praktiese punte tipies aansienlik hoër as toetspunte is, die gebruik van praktiese punte alleenlik 'n beter resultaat aan die student sal lewer.

Dit is egter nie 'n vereiste dat die VA dieselfde assesseringsmetodes as die "high-stakes" assessering gebruik nie. Dit kan byvoorbeeld moontlik wees om veelvuldige-keuse toetse effektief te gebruik selfs in 'n module waar die meeste van die assesseringstake verder aan in opstelmaat sal wees. Dit is egter baie belangrik om dit duidelik aan die studente te kommunikeer

Indien enigsins moontlik, behoort die vroeë assesseringspunt verkieslik saamgestel word uit 'n aantal kleiner assesseringstake, wat verskillende assesseringsmetodes insluit, bv. 'n seleksie wat 'n tutoriaaltoets, praktiese verslag, webgebaseerde veelvuldigekeusetoets, klas-assesseringstegniek (sg "Classroom assessment technique" of CAT), ens. mag insluit.

5. Word hierdie uitslae in die jaar/semesterpunte ingesluit?

Ongeag of die VA-punte in die jaar/semesterpunte ingesluit word of nie (en dit maak moontlik die meeste sin om dit wel in te sluit), is dit belangrik om te besef dat die VA se fokus **formatief** is, dws om effektiewe studenteleer aan te moedig.

6. Wat maak ons met hierdie inligting?

Ten spyte van die feit dat 2007 'n loodsjaar was, is daar beduidende intervensies wat gevolg het op die VA-resultate, met heelwat departemente en fakulteite wat uit hul pad gegaan het om ooreenkomstig te reageer. Ideaal gesproke behoort die uitslae in die LOK, wat tipies bestaan uit dosente van eerstejaarklasse, binne elke Fakulteit bespreek te word. Voorbeelde van intervensies wat in 2007 plaasgevind het (sommige hiervan was reeds in plek voor 2007), sluit in:

- Individuele konsultasies met studente wat in alle modules swak presteer (dit het meer in die professionele programme en/of in groepe met kleiner getalle voorgekom)
- Elektroniese kommunikasie via departemente met studente wat sukkel om hulle aan te moedig om met hul dosente kontak te maak, of by tutoriaal-groepe aan te sluit, of by 'n mentor-tutorgroep aan te sluit, of om 'n raadgever by die SSVO te gaan spreek, ens.
- Webgebaseerde ondersteuning wat op myMaties.com verskaf word
- Aanstelling van 'n Koördineerder: Voorgraadse studies (EBW)
- Implementering van addisionele tutoriale
- Hersiening van tutoriale se strukture
- Tutoropleiding
- Fakulteitsgebaseerde mentor-ondersteuning
- Verwysing van studente na die SSVO se kort kursusse oor tydbeplanning, studievaardighede, voorbereiding vir toetse en eksamens, ens

7. Beplanning vir 2008

Die finale datum **vir die inhandiging van VA-punte vir 2008** vir alle eerstejaarmodules is **Donderdag, 20 Maart**. Dit is die laaste dag van die eerste kwartaal. Hou asseblief in gedagte dat die semester op 16 Mei eindig en dat 'n later inhandigingsdatum die potensiële impak van die resultate ernstig sal beperk. Die punte sal via die portale aan studente en alle akademiese personeel op Maandag, 31 Maart 2008, beskikbaar gestel word.

Om hierdie doelwit te bereik word die volgende aanbeveel:

- Dat alle moduleraamwerke vir 2008 (eerste semester) die VA duidelik aandui as deel van die formele assessering van die module;
- Dat daar duidelik aan studente aan die begin van die semester gekommunikeer word wat die VA is, hoekom dit gedoen word en hoe hulle dit moet interpreteer;
- Dat fakulteite, moontlik binne die LOK-struktuur, besprekings tussen dosente oor die mees toepaslike assesseringsmetodes aanmoedig en so debatvoering oor leer en onderrig aanmoedig.

Samevattende gedagtes

Die VA is bedoel om te dien as 'n opvoedkundige instrument om terugvoer oor al die strata van die Universiteit te verskaf. Daar is egter 'n definitiewe sensitiwiteit oor die feit dat dit die swaar las op dosente, wat op eerstejaarsvlak dikwels die grootste aantal studente het, kan vererger. As gevolg hiervan word dosente aangemoedig om die VA vir hulle te laat werk deur die praktyk van formatiewe assessering in elke dag se klaskameraktiwiteite te inkorporeer, deur die gebruik van tegnologie, aansoek te doen vir merk en/of administratiewe ondersteuning waar toepaslik en om seker te maak dat die aktiwiteite rondom VA volhoubaar en realisties bly. In die geval van praktiese modules, soos in musiek, mag dit noodsaaklik wees om 'n soepel benadering met betrekking tot VA te volg. Dosente word aangemoedig om die SOL-adviseurs wat gekoppel is aan hul fakulteite (sien Bylae C2) in hierdie verband te kontak of om die Koördineerder: Eerstejaarsakademie, Susan van Schalkwyk (scvs@sun.ac.za), direk te kontak.

24 Oktober 2007
Susan van Schalkwyk
Hanelie Adendorff.

Bylae A: Voorbeeld van die brief met die VA-resultate wat aan ouers/student gestuur is

Beste Ouer/Student

VROEË ASSESSERINGSTELSEL

Vroeë Assessering (VA) is vanjaar vir die eerste keer vir bykans alle eerstejaarsmodules uitgevoer. Dit is 'n meganisme om reeds op 'n vroeë stadium aan studente 'n idee te gee van hoe hulle vorder en waar daar areas mag wees wat aandag nodig het – wel betyds vir die amptelike Junie-eksamens, want dikwels kom die waarskuwingstekens te laat. Die VA is dus 'n diagnostiese proses.

Die punte aangedui op die ingeslote brief bied 'n oorsig van die vordering wat gemaak is gedurende die eerste 4-6 weke van die akademiese jaar van elke eerstejaarstudent. Die uitslae mag 'n enkele assesseringsgeleentheid reflekteer, óf 'n reeks assesserings wat as deel van tutoriale of praktiese klasse uitgevoer is. **Let Wel:** Geen student sal versoek word om, op grond van hierdie uitslae, die Universiteit te verlaat of sy/haar studies te kanselleer nie.

Inligting word verskaf ten opsigte van die modules waarvoor die student geregistreer is, die Vroeë Assesseringpunt behaal (aangedui as 'n %) en ook die gemiddelde punt behaal ten opsigte van alle studente in die betrokke module (aangedui as 'n %). In sommige gevalle is daar geen punt aangedui nie, in welke geval die 'Opmerkings'-kolom óf 'Geen VA' óf 'Geen VA-punt' aandui. Dit beteken dat die betrokke module óf nie aan die VA deelgeneem het nie, óf, in die geval van laasgenoemde, dat die student siek was of nie die klas bygewoon het ten tyde van die assessering nie en dus nie 'n punt verwerf het nie. Verder word die module-gemiddelde punt verskaf ten einde u in staat te stel om die punt te interpreteer in vergelyking met die prestasie van al die studente in die module. Die belangrikheid van hierdie interprestasie word beklemtoon, aangesien die punte in sommige gevalle relatief hoog is.

Waar die individu se punte konsekwent onder die module-gemiddelde punt lê, word studente aangemoedig om oor hul huidige studiepraktyke te reflekteer. Vrae wat gevra kan word, sluit in: Woon jy gereeld jou klasse by? Gaan jy goed voorbereid na jou klasse? Werk jy deur jou notas na elke klas? Woon jy enige van die talle tutoriaal- en ander ondersteuningsklasse by wat in verskeie departemente op die kampus aangebied word?

Daar mag natuurlik vele ander redes wees waarom studente op hierdie stadium van die akademiese jaar probleme ervaar. Daarom word studente aangemoedig om gebruik te maak van die **Eerstejaars-hulpfunksie** op die studenteportaal (www.mymaties.com). Hierdie webwerf bied die geleentheid aan studente om hul bekommernisse te deel en onmiddellike terugvoering te ontvang ten opsigte van waar hulle om hulp kan aanklop.

Die Universiteit bly verbind tot 'n voortdurende vennootskap met sy studente en ouers ten einde studentesukses te bevorder.

Die uwe

J du Toit

Bylae B: Eerstejaarsakademie LOK-Verteenwoordigers

| Fakulteit | Verteenwoordiger | E-pos | Uitbreiding | SOL persoon |
|-----------------------------------|-----------------------------|--|--------------------|---|
| AgriWetenskappe | Dr Renate Hillerman-Rebello | rhillerm@sun.ac.za | 5824 | Dr Francois Cilliers/Dr Hanelie Adendorff |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Prof Pierre Olivier | po@sun.ac.za | 3428 | Me Noline Hermann |
| Gesondheidswetenskappe | Prof Marietjie de Villiers | mrdv@sun.ac.za | 021 9389035 | Me Susan van Schalkwyk |
| Ingenieurswese | Prof Hansie Knoetze | jhk@sun.ac.za | 4488 | Me Liezl van Dyk |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | Prof Christine Anthonissen | ca5@sun.ac.za | 2006 | Dr Antoinette vd Merwe |
| Natuurwetenskappe | Prof Andrew Crouch | amc@sun.ac.za | 3535 | Dr Francois Cilliers/Dr Hanelie Adendorff |
| Opvoedkunde | Prof Arend Carl | aec2@sun.ac.za | 2285 | Mnr John Ruiters |
| Regsgeleerdheid | Prof MM de Gama | mmdg@sun.ac.za | 3214 | Me Melanie Petersen |
| Teologie | Dr Robert Vosloo | rrvosloo@sun.ac.za | 3256 | Me Idilette van Deventer |
| Krygskunds | Mnr Sam Tshela | samuel@ma2.sun.ac.za | 022 702 3064 | Mnr Gert Young |